

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.
 3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).
 4. Daar is EEN VERPLIGTE vraag oor die dramas en TWEE vrae oor die prosawerke. Beantwoord die VERPLIGTE VRAAG oor die drama van jou keuse en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse. Vergewis jou dat al die vrae in Afdeling A uit twee dele bestaan (voltooi dus ALBEI dele in Afdeling A).
 5. In Afdeling B is Vraag 5 verpligtend. Doen dan óf Vraag 6 óf Vraag 7. Al die vrae moet in ongeveer 250 woorde beantwoord word.
 6. Lees die inligting, instruksies en opdragte by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.
 7. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
 8. Begin elkeen van die vier vrae **bo-aan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.
 9. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae.
 10. Netheid, leesbaarheid en versorgde taal sal in jou guns tel.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA**

Daar word in hierdie afdeling **EEN VRAAG** oor elk van die twee voorgeskrewe dramatekste gevra. Na aanleiding van die drama wat jy bestudeer het, moet jy Vraag 1 (oor **Ek, Anna van Wyk**) óf Vraag 2 (oor **Periandros van Korinthe**) beantwoord.

Elke vraag bestaan uit **twee dele**. Doen beide dele. Jou mini-essay moet **betogend** van aard wees. Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalinge** uit die teks. Bring die **woordtal** onder jou essay aan.

'n **Nasienrubriek** sal vir die assessering van jou essay én breinkaart gebruik word.

VRAAG 1 EK, ANNA VAN WYK (Pieter Fourie)

Na 'n tydperk in 'n gestig kom Anna van Wyk terug om haar kant van die saak te stel, 'n saak waarvoor sy – sonder om gehoor te word – tot afsondering gevonnissen is. Vanaf haar eerste verskyning stel sy haarself bekend as Ek, Anna van Wyk, 'n uitdagende stelling, om haar as onafhanklik te verklaar. So doen sy voort tydens die ondervraging deur die Stem.

1.1 Voltooi 'n breinkaart waarin jy die volgende punte gebruik om die rede aan te toon hoekom hierdie eertydse bruid, Anna van Wyk, haar getroude van en dus 'n toekoms op Nouvelle Liberté, as lid van 'n uitsoekfamilie, totaal verwerp het:

- redes vir konflik tydens haar verblyf op die plaas;
- haar houding teenoor Senior en sy optrede;
- tradisies, waardes en houdings waarmee sy nie kon saamleef nie;
- haar opstand teen onreg en diskriminasie; en
- persoonlike verlies wat haar totaal alleen gelaat het.

(5)

1.2 Skryf 'n mini-essay van **ongeveer 400 woorde** waarin jy die stelling dat Anna van Wyk se stryd om haarself op Nouvelle Liberté en op die verhoog te bly, die rede vir die verwerping van 'n uitsoekfamilie was, ondersteun of verwerp.

(25)
[30]

OF**VRAAG 2 PERIANDROS VAN KORINTHE (D.J. Opperman)**

Periandros, heerser van Korinthe, se ideaal is om van Korinthe 'n wêreldstad van formaat te maak, tot voordeel van al sy inwoners. Deur opposisie vanuit groepe in die samelewing en selfs vanuit sy familie, word sy ideaal vertroebel. Die pynlikste teenstand kom vanuit sy eie familie en Periandros bevind homself as die slagoffer van hulle teenstand sodat hy nie anders kan as om met geweld op te tree ter wille van sy staat, Korinthe, nie. In plaas daarvan dat **Melissa**, **Prokles** en **Lukophroon** hom ondersteun en bystaan, voel hy dat hulle hom ondergrawe.

2.1 Voltooi 'n breinkaart waarin jy die volgende punte gebruik om aan te toon dat Periandros se ideaal vir Korinthe met sy nageslag as heersers, deur sy familie gepootjie is:

- Melissa se beledigende en minagtende opmerkings en houding;
- Prokles se verraad;
- Lukophroon se opstand teen sy vader;
- Periandros se wreedaardige, suiwerende reaksie; en
- die ramspoedige gevolge van Periandros se najaging van sy droom. (5)

2.2 Skryf 'n mini-essay van **ongeveer 400 woorde** waarin jy betoog dat Periandros 'n slagoffer van omstandighede en teenstanders was en geen ander opsie gehad het as om met geweld, met ramspoedige gevolge, op te tree nie. (25)
[30]

PROSA

Daar word in hierdie afdeling telkens twee vrae oor twee verskillende prosatekste gevra. Na aanleiding van die roman wat jy bestudeer het, moet jy Vraag 3.1 OF 3.2 (oor **Geldwolf**) óf Vraag 4.1 OF 4.2 (oor **Equatoria**) beantwoord.

Elke vraag bestaan uit **twee dele**. Doen beide dele. Ondersteun jou stellings deurgaans met **verwysings** na of **aanhalings** uit die teks. Bring die **woordtal** onder jou literêre opstel aan.

'n **Nasiensrubriek** sal vir die assessering van jou literêre opstel én breinkaart gebruik word.

VRAAG 3 GELDWOLF (Carel van der Merwe)

Beantwoord Vraag 3.1 OF Vraag 3.2 wat oor die roman **Geldwolf** gestel is.

- 3.1 Voorgeskrewe werke vir matriek word gewoonlik gekies omdat hulle aan sekere literêre vereistes voldoen. Sodanige vereistes is byvoorbeeld strukturelemente soos intrige, karakter, ruimte, ens. Hoe effektief hierdie elemente dan ingespan is en bestudeer word, bepaal dikwels die sukses en genot van die roman.

Besluit of **Geldwolf** 'n geslaagde keuse as voorgeskrewe roman vir matriek is/was. Jy moet hierdie roman aan die strukturelemente meet en tot 'n besluit kom na beredenering.

- 3.1.1 Beplan jou respons met 'n breinkaart deur **Geldwolf** aan die onderstaande strukturelemente te meet en daarop uit te brei:

- Tydstruktuur (hede en verlede)
- Ruimte
- Intrige (plot) – gebeure; konflik
- Verteller en karakterisering
- Tema/boodskap vir vandag

(5)

- 3.1.2 Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde of **Geldwolf** 'n geslaagde romankeuse vir matrikulante is/was. Redeneer krities en eindig met 'n **evaluerende slot**.

(25)
[30]

OF

- 3.2 'As 'n 12-jarige seun, sonder ouers, sonder geld, uitgelewer aan liefdadigheid, besef die jong Stefan Winterbach dat geld en lewe sinoniem is. Geld is 'n wondermiddel, soos 'n towerstaf, want daarmee kan jy enigiets kry – lekkers of albasters of selfs 'n huis. Enigiets wat jy kan begeer.' En so begin 'n ideaal om eendag 'n ryk en suksesvolle sakeman te wees.

Veertig jaar later word die sakereus, Stephen Winter, gedwing om afstand van sy sakebelange te doen en word hy deur die sakegemeenskap uitgewerp.

- 3.2.1 Voltooi 'n breinkaart waarin jy relevante inskrywings gee by die volgende stellings wat probleme in Stephan Winter se werk- en denkwysse oor die jare aantoon:

- hantering van saketransaksies en sakegenote;
- begrip en respek vir ander mense;
- sy gebruik/misbruik van geld;
- Klaus Wolff se riglyne is verontagsaam; en
- sy drang na rykdom en mag.

(5)

- 3.2.2 Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde wat verkeerd geloop het met daardie jong seun van Witbank, Stefan Winterbach, dat hy as Stephen Winter eindig – alleen; 'n uitgeworpene.

(25)

[30]

OF**VRAAG 4 EQUATORIA (Tom Dreyer)**

Beantwoord Vraag 4.1 OF Vraag 4.2 wat oor die roman **Equatoria** gestel is.

- 4.1 Voorgeskrewe werke vir matriek word gewoonlik gekies omdat hulle aan sekere literêre vereistes voldoen. Sodanige vereistes is byvoorbeeld strukturelemente soos intrige, karakter, ruimte, ens. Hoe effektief hierdie elemente dan ingespan is en bestudeer word, bepaal dikwels die sukses en genot van die roman.

Besluit of **Equatoria** 'n geslaagde keuse as voorgeskrewe roman vir matriek is/was. Jy moet hierdie roman aan die strukturelemente meet en tot 'n besluit kom na beredenering.

- 4.1.1 Beplan jou respons met 'n breinkaart deur **Equatoria** aan die onderstaande strukturelemente te meet en daarop uit te brei:

- Tydsgees (historiese tyd)
- Ruimte
- Intrige (plot) – gebeure, konflik
- Karakterisering en verteller
- Tema/Boodskap vir vandag

(5)

- 4.1.2 Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde of **Equatoria** 'n geslaagde romankeuse vir matrikulante is/was. Redeneer krities en eindig met 'n **evaluerende slot**.

(25)
[30]**OF**

- 4.2 Willis Reed se soektog na 'n mitiese eenhoring in die onherbergsame oerwoud met die botsende kulture se konflik, is van die begin af tot mislukking gedoem. Verder het sy soeke na persoonlike geluk die mislukking van die tog na die Belgiese Kongo finaal onderstreep. Willis hoop dat sukses met die soektog na die okapi hom sal help om sy eie beperkinge te oorkom en om uiteindelik die volheid van lewe te kan ervaar.

- 4.2.1 Voltooi 'n breinkaart waarin jy relevante inskrywings by die volgende stellings oor Willis se droom, wat misluk het, gee:

- Reed se obsessie;
- sy onhaalbare soeke na persoonlike geluk;
- die onherbergsame oerwoud;
- die swart stamme se openlike vyandigheid; en
- Reed se insig aan die einde.

(5)

- 4.2.2 Beredeneer in 'n literêre opstel van ongeveer 600 woorde of Willis Reed se soektog na die okapi vanuit die staanspoor min kans op sukses gehad het.

(25)
[30]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

In hierdie afdeling word DRIE opdragte gegee. **Vraag 5 is VERPLIGTEND.** Doen dan **óf Vraag 6 óf Vraag 7.** Elke skryfstuk moet **ongeveer 250 woorde** bevat.

Maak seker dat jy die gepaste **register en taal**, soos gevra, gebruik. Die **formaat, teikenleser en toon** moet by elke skryfstuk pas.

'n Nasienrubriek sal vir die assessering van jou skryfwerk gebruik word.

Die volgende artikel, **OM TE KAN SPEL OF NIE** (*Jip* van 26 September 2012) kan as prikkel vir jou skryfstukke dien.

Om te kan spel of nie ...

Hukm mak almal so ophev oor SMS-taal en spelvoute? Reza van Rooyen ht gn uitfind of dit nodig is om te kan spel en of ons ni SMS-taal sy pleki in di son mt gun ni.

Kan jy dié spel?

Om te toets wat hoërskoolleerders se spelvermoë is, het JIP 'n paar leerders 'n speltoetsie laat skryf. Die volgende woorde is aan hulle gegee om te spel: interessant, onmiddellik, waardeer, tatoeëer en puberteit. 'Interessant' was 'n groot tameletjie. Die reël oor een rok en twee skoene word duidelik nie onthou nie. Die meeste het ook 'onmiddellik' verkeerd gespel. In plaas van twee d's en twee l'e was daar wel die twee d's, maar net een l. En 'puberteit' en 'tatoeëer' – so spel 'n mens dit nie: pubbertyt, pieberteit, tatoejeer, tatoeër en tatoëer.

Xina Liebenberg

SMS-taal is bobaas

Luister 'n mens egter na alles wat prof. David Crystal, 'n taalghoeroe, sê, is SMS-taal glad nie so sleg nie.

Crystal sê in sy boek *txting: the gr8 db8* hoe meer tieners SMS, hoe meer oefen hulle om te lees en te skryf.

Hy sê in elk geval word die meeste SMS'e deur volwassenes eerder as deur kinders geskryf, byvoorbeeld instansies soos universiteite, nuusagentskappe en ondernemings wat boodskappe stuur.

Volgens hom is vandag se tieners intelligent en uit onderhoude wat hy met tieners gevoer het, het hy bevind dat tieners meen SMS-taal is vir SMS'e bedoel.

Hy sê tieners is slim genoeg om te weet hulle gaan swak punte kry as hulle SMS-taal in hulle skoolwerk gebruik.

Jip het aan leerders gevra 1) of dit nog belangrik is om te kan spel en 2) of SMS-taal in skole aanvaar moet word.



Philip Benade: 1) Ja, want hoe anders gaan jy woorde reg kan uitspreek? 2) Nee, dis mos teenproduktief om te leer spel, maar dit nooit te gebruik nie.

Jean-Pierre Joubert: 1) Ja, want dit dui op die netheid en deeglikheid in 'n mens se skryfwerk. 2) NEE! Wat sal dan ná SMS-taal aanvaar word?

Hannelore Lubbe: 1) Ja, om 'n goeie toekoms te verseker. Jou spelling moet die gehalte van jou skoolverwante opvoeding toon. 2) Nee, behalwe as dit die opdrag is.

[Verwerk uit: *Jip* (Bylaag tot *Beeld*); 26 September 2012]

VRAAG 5

HIERDIE VRAAG IS VERPLIGTEND

Jy is die redakteur van jou skool se koerant. Ná die verskyning van enkele artikels in die media, was die skool in rep en roer oor hierdie aktuele onderwerp. Die briewe van leerders oor SMS-taal, korrekte spelling en sleng het die skoolkoerant se posbus vol gehou. Skryf jou REDAKSIONELE KOMMENTAAR as die redakteur vir die volgende uitgawe oor hierdie aktuele onderwerp.

[20]

EN

DOEN NOU VRAAG 6 OF VRAAG 7

VRAAG 6

Na aanleiding van al die gegons in die media oor swak spelling en SMS-taal in Afrikaans, besluit jy om 'n HULDEBLYK aan 'n persoon, wat 'n groot invloed op jou liefde vir Afrikaans gehad het, te skryf. Jy vra dat hierdie huldeblyk in julle skoolkoerant gepubliseer word.

[20]

OF

VRAAG 7

Skryf 'n RESENSIE van 'n voorgeskrewe boek of een van die boeke wat jy vir jou matriekmondeling voorberei het. Jou resensie is vir 'n tienertydskrif en jou doel met die resensie is om ander jongmense aan te moedig om ook dié boek te lees, óf nie te lees nie.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte